Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

Februarie 2023



## Vertroue op die Here laat feite anders lyk!

## GESPREK MET ... André de Ruyter

www. gksa.org.za




# Inhoud

*Februarie 2023*

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**JAARGANG 123, NO. 3374**
**Februarie 2023**

1 VAN DIE REDAKTEUR
Vertrou nie op prinse nie, maar op die God van Jakob

3 VAN DIE NUWE REDAKSIE

4 UIT DIE WOORD
Vertroue op God laat feite anders lyk!

6 GESPREK
*Die Kerkblad* gesels met ANDRÉ DE RUYTER

9 Sinodeskatte – 10
10 Sorg met eer
11 Gerrie Coetzee oorlede
Sinodebrokkies
12 *De Maandbode* ... gewy aan die belange van die kerk
14 Ons enigste predikant in die Kaapse vlakte nou aan die stuur van die SA Bybelgenootskap
16 Sinodebrokkies
17 Dankbaarheid en hoop
18 Sinodebrokkies
19 Briewe van ons lesers
Sinodebrokkies

20 Lief en Leed
22 Kerklike administrasie
23 Kleinadvertensies

**REDAKSIEKOMMISSIE**
REDAKTEUR: Ds. C Aucamp
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. EJ Smit, ds. JC van Dyk, JG Noëth, prof. DF Muller

**Adresbesonderhede:**
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

**Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2022 – 30 Junie 2023):**
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

**Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

## Psalm 146 ... vir 2023

# Vertrou nie op prinse nie, maar op die God van Jakob



Dit is seker die bekendste Psalm: *"Prys die Heer met blye galme."* Die een Psalm wat iemand gewoonlik spontaan sal insit as die lof van die Here besing moet word. Maar leef hierdie bekende Psalm werklik in ons harte? Besef ons wat is in hierdie lieflingspsalm die *"ryke stof"* vir die lof aan die Here?

Dikwels wonder ek. Ook wat myself betref. Want ons gaan 'n nuwe jaar in en dit wat ons in ons land sien en beleef, laat die loflied se note so maklik uitdoof. Ons kyk na die regering, na korrupsie en verval. Ons voel 'n bietjie beter na Nasrec in Desember, maar dit bly maar donker, dikwels letterlik met fase 6. En dit stem ons tot swaarmoedigheid, tot uitsigloosheid.

Maar Psalm 146 roep ons op om God te loof in omstandighede wat ook uitsigloos gelyk het. Sommige manuskripte het die opskrif *"Van Haggai en Sagaria"*, klaarblyklik 'n psalm in die sukkeltyd ná die ballingskap geskryf. Die psalm sing van die verdruktes en die hongeriges, die gevangenes, die blindes, die bedruktes, die vreemdeling en die wees en die weduwee. En tog begin en eindig dit met *"Prys die Here"*. En tussen die twee *Hallelujas* aan die begin en aan die einde, die rede, die "ryke stof" waarvan vers 1 sing: Dit wat die Here doen en geen mens of magtige leier kan doen nie.

So dikwels doen ons dit. Ons laat ons gemoedstemming, ons hoop en ons verwagting deur leiers bepaal, en ons vergeet van die opdrag van hierdie psalm: *"Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie. Hy kan jou nie red nie."* En dan nie in die eerste plek omdat dit 'n slegte mens is nie, heel dikwels wel, maar 'n nietige mens. Mooier kan ons dit nie stel as Totius in sy beryming nie: *Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind. Op die mens jul hoop nie bou nie, want as God hul gees ontbind, keer hul na die aarde weer … en hul raadslaag stort terneer.* 'n Mens, hoe magtig ook al, bly 'n nietige mens. En daar kom 'n dag dat die mens op wie jy jou hoop gestel het, sy asem uitblaas … en dan is sy planne ook daarmee heen.

Hoe dikwels het dit nie al gebeur nie? Leiers word tot messiasstatus verhef. Ons self het van ons leiers ikone gemaak. En in die tye waarin ons vandag leef, vestig baie nog hulle hoop op die *"De La Rey wat die Boere kom lei"* … En as dit nie gebeur nie … ontnugtering, en die ware lof verstom.

Ja, leiers het 'n belangrike taak. Hulle is deur God geroep en ons moet vir hulle bid. Maar ons hoop, ons verwagting? *"Salig hy wat in die lewe, sonder hulp en sonder raad, as hom alles wil begewe, vlug tot God sy toeverlaat."* Kostelik berym, want dit verwoord juis die teenstelling wat in Psalm 146 vervat is. Teenoor die tevergeefsheid van hoop op magtiges: *"Salig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die HERE sy God."* Jakob, dikwels die swakkeling onder die aartsvaders; Jakob, nie die kragfiguur nie, maar God laat Hom noem die God van Jakob. Jakob, kind van die verbond: *"Jakob het Ek liefgehad."* Daarom *"die HERE"*, sy verbondsnaam.

Psalm 146 is die een Psalm wat ek nie kan sing as ek myself danig sterk voel nie, maar juis die loflied te midde van gebrokenheid, van armoede en moedeloosheid

deur diegene wat geboë en terneergedruk is. Want my hoop is nie op 'n mens gerig nie, 'n mens wat vandag daar is en môre nie, maar op die ewige God, *die God van wordende geslagte, tot in ewigheid die Heer*. Op die magtige God *"wat die hemel en die aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is"*. Op die getroue God *"wat trou bly tot in ewigheid"* (vs 6). En in my swakheid en ook in die *swartste nag* kan ek *op die Here alleen bly wag*.

En dit alles om Christus wil. Hy is die een Leier wat dood was, sy stof moes ook na die aarde terugkeer, maar Hy het opgestaan. En dit het gelyk of sy raadslag terneerstort aan die kruis, maar Hy het opgevaar na die hemel, waar Hy sit aan die regterhand van God. Ons verwagtinge vir 2023 word nie bepaal deur wie in die Uniegebou sit nie, maar wie aan God se regterhand sit. En hierdie bekendste Psalm roep ons op tot oorgawe en vertroue op Hom alleen, onder watter omstandighede ook al.

Dit is die ryke stof waarmee hierdie psalm begin en eindig: Halleluja! Loof die Here! Ook in hierdie jaar wat op ons wag, want Hy regeer, en sy raadslag stort nooit terneer nie.

Geseënde 2023 vir elke leser. Ook jou lewe staan in 2023 God se bevel en sy beskikking. DK

## Die nuwe redaksie

| | |
|---|---|
| Ds. Cassie Aucamp | Redakteur |
| Mev. Joey Fourie | Sekretaresse, admin en bladuitleg |
| Mev. Venita de Kock | Eggenote van ds. Danie de Kock. Veral taalversorger! |
| Ds. Jannes van Dyk | Gereformeerde Kerk Potchefstroom |
| Prof. Johannes Smit | Teologiese Skool, Kerkreg |
| Prof. Francois Muller | Teologiese Skool, Kerk- en Dogmageskiedenis |
| Br. Hannes Noëth | Gereformeerde Kerk Totiusdal |
| Dr. Rassie Smit | Gereformeerde Kerk Wapadrant |



Ds. Cassie Aucamp (redakteur)

# Van die nuwe redaksie

Wat 'n genadevoorreg! Die nuwe span in diens van *Die Kerkblad* is baie dankbaar vir die geleentheid wat die Here ons bied om op hierdie wyse diensbaar te kan wees in sy koninkryk, en in die besonder in ons Gereformeerde Kerke. Dit het my tydens ons eerste redaksievergadering verheug om te sien hoe probleme nie met 'n bedrukte gesig bespreek word nie, maar in opgewonde uitdaging aangepak word.

**Ons het 'n paar kernbesluite geneem**:

- Die voortbestaan van die harde kopie van *Die Kerkblad* word gewaarborg, en moet uitgebrei word.
- Die digitale kopie van *Die Kerkblad*, soos in sy gedrukte formaat, gaan so wyd as moontlik versprei en bemark word.
- Nuwe tegnologie gaan in werking gestel word om die inhoud van *Die Kerkblad* in korter "*toep*"-formaat ook vir selfoongebruikers beskikbaar te stel. Ons glo dat die sirkulasie daarvan sodanig sal wees dat ons weer 'n goeie inkomstebron uit advertensies kan kry.
- Ons wil *Die Kerkblad* selfonderhoudend maak. Daarvoor het ons die ondersteuning van ons dominees, kerkkantore en lidmate nodig. Die vorige redakteur het 'n predikant in elk van die 27 klasses geïdentifiseer om *Die Kerkblad* in die onderskeie gemeentes te bevorder. Ons gaan op u knoppies druk.

**Oor die inhoud en formaat van *Die Kerkblad***

In baie opsigte dieselfde, met opwindende nuwe inhoud. Oordenkings uit die Skrif, artikels oor wat Gereformeerdes en ander gelowiges in die koninkryk verrig. Ons mense se stories. Meer nuusbrokkies uit ons gemeentes, 'n Bybelstudiereeks, 'n aktuele reeks vir ons ouers wat kinders grootmaak in 'n sekulêre bestel. Ons gaan regtig sterk klem plaas op die eenheid van ons kerke, midde in 'n gesonde verskeidenheid. Daarvoor is die maatstaf ons Belydenis, wat ook prominente aandag gaan kry. Ons gaan die lang lys van verjaarsdae van dominees en hulle vroue los, en eerder korter brokkies nuus van hulle kant plaas. Ons gaan ook kyk wat ons begaafde emeriti of hulle gades op terreine soos kuns en kultuur verrig. Ons glo dat die Here soveel gawes geskenk het dat ons met almal se deelname die opwinding van Gereformeerd wees met mekaar gaan deel. Hoe dankbaar sal ons nie wees nie as die Here *Die Kerkblad* sou gebruik om daartoe by te dra dat al ons gemeentes as een Gereformeerde familise sal saamleef!

Die formaat van die gedrukte blad en die volle digitale weergawes gaan hoofsaaklik dieselfde bly, maar met meer korter bydraes as net die standaardlengte. Op wat uit die "toep"-weergawes na vore gaan kom, wag ons nog in spanning.

**Kerkblad 150!**

Dit is ons groot voorreg om op die redaksie van *Die Kerkblad* te wees in sy 150ste bestaansjaar! Dit het op 1 April 1873 as *De Maandbode* begin verskyn, wat dit ná die NG Kerk se *Die Kerkbode* (1849) die tweede oudste kerklike tydskrif in Suid-Afrika maak! Ons gaan deur die loop van die jaar terugblaai oor die 150 jaar, en ons beplan om van die Oktoberuitgawe 'n spesiale versamelaarsitem-glansuitgawe te maak, wat tydens 'n galageleentheid op Hervormingsnaweek, Vrydag 27 of Saterdag 28 Oktober in Potchefstroom, bekendgestel gaan word.

Iewers op die pad van 150 jaar is daar agt jaar, van 2014 tot 2022, toe *Die Kerkblad* onder die redakteurskap van prof. Callie Coetzee gestaan het. Ons nuwe redaksie wil graag aan hom ons grootste dank en waardering betuig vir die toegewyde werk wat hy verrig het. Wat veral van sy tydvak uitstaan, is dat *Die Kerkblad* 'n waardige vertolker van die waarheid van ons Belydenis was, sonder om hom ooit te laat inttrek in kerkpolitiek en twisgesprekke. Dankie prof. Callie, ook namens al ons intekenaars!

Ons gaan hierdie Februarie-uitgawe per e-pos gratis na elke kerkkantoor en elke dominee stuur. Ons vra mooi: Kyk of julle die uitgawe in elke huis na elke adres in die gemeente kan stuur, per e-pos of per Whatsapp. Daarmee saam gaan 'n eenvoudige intekenvorm wat 'n lidmaat net kan invul en terugstuur.

Baie welkom aan elke nuwe en ou intekenaar! DK

Ds. GS Kruger (Gerrit) (Centurion)

# Vertroue op die Here laat feite anders lyk!

**Lees: Numeri 13:26 – 14:44; Psalm 95:7-11; Hebreërs 3:7-19; Filippense 4:13**



*Ons land is afgegradeer na rommelstatus. Beurtkrag is aan die orde van die dag, met erge gevolge. Korrupsie, wanpraktyke, ekonomiese uitdagings, werkloosheid en noem maar op.*

- *Wat is die toekoms van die kerk van die Here?*
- *Wat verwag God van ons in hierdie nuwe jaar?*

*Israel moet nou Kanaän, die land van melk en heuning, binnetrek. Dit is wat God beloof het, dit was die opdrag aan Israel. Daarom moet die land eers verken word. Moses kry opdrag om leiers te kies.*

**Kies leiers**

Uit elke stam van Israel moes daar 'n leier gekies word. Nie enige man kon maar gekies word nie, maar leiers. Dit moes manne van inbors gewees het, wat 'n prominente posisie beklee het. Dit was uitgesoekte manne wat leiers was. Hulle moes goeie oordeel en onderskeidingsvermoë aan die dag kon lê, maar bowenal met 'n vaste geloof in die troue Verbondsgod moes hulle leiding neem.

**'n Deeglike ondersoek na die land en sy mense moes gedoen word**

Hulle het 'n spesifieke opdrag gekry: Is die inwoners sterk of swak, min of baie? Is die land goed of sleg? Is die stede maklik inneembaar of is dit versterk? Is die grond vrugbaar of skraal? Is daar baie bome – en dan, bring vrugte saam as voorbeelde! Vir 40 dae het hulle die land van die suide tot die noorde verken. Van die 40 dae se verkenning word daar drie sake van belang uitgesonder:

- *Hebron* word genoem, 'n besondere stad.
- *Eskolspruit* word genoem, die vrugbare vallei waar hulle 'n druiwetros gepluk het.
- *Enakitiese* volk, die reuse word genoem.

**Oor Hebron word twee sake genoem:**

*Eerstens oor die inwoners* – Hebron was in 'n vrugbare landboustreek en die naam kan ook "verbond" beteken. Abraham het daar gaan woon en ook Sara, sy vrou, is daar begrawe (Gen. 23:19). Isak en Jakob het in Hebron gebly (Gen. 35:27). Met die inname van die beloofde land het Josua Hebron ingeneem (Jos. 10:37). Josua het die Enakiete in Hebron uitgeroei (Jos. 11:21). Daarna het Kaleb in Hebron gaan woon (Rigt. 1:20). Sy geloofsgehoorsaamheid en geloofsvertroue was vir hom tot geregtigheid gereken.

*Tweedens oor die tyd van Hebron se ontstaan* – Ons lees dat die Egiptiese stad Soan, wat naby die land Gosen geleë was, 'n baie belangrike en strategiese stad was. Nogtans is Hebron voor Soan gebou en is van baie meer betekenis vir Israel. Daar in Hebron het die aartsvaders gewoon en is hulle begrawe, en daar het ook die gevreesde, reuse-Enakiete gewoon.

Kaleb, die getroue, het egter gesê dat hulle die Enakiete sou oorwin en Hebron is aan Kaleb gegee.

**’n Negatiewe meerderheidsrapport**
Tien van die verspieders getuig van die vrugbare, mooi land, maar met versterkte stede en Enakiete wat so groot soos reuse is. Hulle aanbeveling is om nie die land binne te val nie. Al tien die verspieders se name het iets van ’n positiewe en mooi betekenis. Die tien leiers moes aansien en invloed gehad het. Nogtans was hulle kleingelowig, kleinmoedig en bang.

**’n Positiewe minderheidsrapport**
Dan kom Kaleb, die leier uit die stam van Juda (en terloops, Kaleb beteken “hond”). Kaleb is, soos ’n hond altyd getrou is aan sy eienaar, getrou aan God en aan sy opdrag. Hy en Josua getuig met lewensgevaar dat hulle die land moet intrek. In vers 30 lees ons dat Kaleb met beslistheid getuig dat Israel die land in besit moet neem, want hulle kán dit doen.

- God het hulle uit Egipte gelei.
- God het hulle gered van die Egiptenaars deur die Rooisee oop te kloof.
- God het hulle deur die wolk en vuurkolom gelei.
- God het manna, kwartels en water voorsien.
- God was altyd by hulle.
- God sal hulle ook bewaar as hulle die beloofde land intrek.

**Die vrugbaarheid van die land**
By die Eskolspruit het hulle ’n druiwerank met een druiwetros afgesny, asook ’n paar granate en vye, só groot dat twee manne dit moes dra. God se beloftes is absoluut betroubaar. ’n Land wat oorloop van melk en heuning.

**Vertroue op die Here laat feite anders lyk**
As ons nou aan ons land dink, wat hou die toekoms in? ’n Korrupte regering, diefstal, roof, landvergrype, ensovoorts. Maar God se verbond is dieselfde van geslag tot geslag. God se belofte dat Hy met sy kinders, met sy kerk sal wees, desondanks. Ons weet nie wat die toekoms polities, ekonomies en maatskaplik vir ons inhou nie.

- Ons het die belofte dat God getrou is.
- Ons het die belofte dat God sy kerk sal bewaar.
- Ons het die belofte dat die poorte van die hel die kerk nie sal oorweldig nie.

*Eben-Haeser* – tot nou toe het die Here ons gehelp (1 Sam. 7:12).

Al lyk die feite asof daar vir Israel nie ’n toekoms in Kanaän was nie, staan God se beloftes vas. God het vir hulle die beloofde land ingelei, die reuse-Enakiete laat oorwin en die land vir hulle in besit laat neem.

Die volk wou vir Kaleb en Josua met klippe doodgooi. God het egter met sy magtige teenwoordigheid vir die hele volk sigbaar geword. God sal nooit sy kinders alleen laat nie.

Dit gaan nie oor mense en verkeerde rapporte en vrees wat ’n volk sal red nie, dit gaan oor absolute vertroue in God as ons Skepper en bewaarder.

God het nog altyd vir sy kinders gesorg. God het in sy onmeetlike groot liefde sy volk só lief dat Hy vir ons die lewe verwerf het. Trouens, Hy het aan ons die ewige Kanaän belowe en gegee deurdat Jesus Christus in ons plek die oorwinning behaal het. Jesus Christus het Satan oorwin. Jesus Christus het alle bose kragte en magte oorwin. Jesus Christus het ons losgekoop van ons sondige bestaan. Jesus Christus is nou reeds besig om vir ons plek voor te berei in die hemel, ons ewige woning.

Ons moet maar net soos honde wat absoluut lojaal is teenoor hulle eienaars, absoluut aan God gehoorsaam wees. Want ons weet dat elkeen wat Christus het, die ewige lewe het. Ook in hierdie lewe, ook vandag in 2023, is God by ons. Nooit het God belowe daar sal nie swaarkry wees nie. God se beloftes is egter ’n lewe vir en by en met God vir elkeen wat glo. God sal ons deur sy absolute genade beskerm en bewaar en dra, ook in hierdie nuwe lewensjaar.

*Vertroue op die Here laat feite anders lyk!* DK

# *Die Kerkblad* gesels met ANDRÉ DE RUYTER*

André Marinus de Ruyter is wel nie meer lidmaat van die Gereformeerde Kerk waar hy in Bronkhorstspruit in 1969 gedoop is, grootgeword en belydenis afgelê het nie, aangesien hy met sy huwelik na die NG Kerk toe oorgegaan het. Tog slaan daardie Calvinistiese wortels deur in sy hele lewensuitkyk, met verwysing na sake soos beginsels, roeping, diensbaarheid en verantwoordbaarheid wat vooropstaan. Dit is die dinge wat hom "die moeilikste pos in die land, Hoof Uitvoerende Beampte van Eskom (HUB), laat aanvaar het. Ná ons openhartige kuiergesprek van langer as drie uur is ek oortuig dat dit juis dié dinge is wat dit vir hom onmoontlik gemaak het om daar aan te bly, en hom sy bedanking vir einde Maart laat indien het.

Sy ouers het in 1956 uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer, en het onmiddellik ten volle as Suid-Afrikaners ons land as hulle nuwe vaderland aanvaar. André het BA Regte by Tukkies gestudeer, en ook sy LLB-graad ontvang. Hy is deur Sasol vir 'n jaar na China gestuur en daarna is hy saam met sy vrou en dogtertjie met 'n beurs na Nederland waar hy sy MBA-graad by die Nijenroode Besigheidsuniversiteit behaal het. Hulle het in 'n klein enkelkamertjie gebly, maar "dit was een van ons gelukkigste jare". Ná verskeie uitvoerende posisies is hy in Januarie 2020 uit 142 kandidate as die HUB van Eskom aangestel.

**"My pa was 'n stoere Calvinis. Hy het nie 'n Psalmboek saamgevat kerk toe nie, want hy het al die Psalms geken."**



Die redakteur kuier by Andre de Ruyter

**Ideaal en teleurstelling: geen politieke steun**

Natuurlik het hy die pos met groot toewyding en afwagting aanvaar. Sy eerste doelwit was om die Eskomkrisis op te los met verbeterde en versnelde instandhouding, maar "ek het die verkrygingsburokrasie van die staat totaal onderskat". Hy het geen twyfel nie dat die langtermynoplossing geleë is in hernubare

energie, naamlik son, wind en water. “Daar is ’n geweldige potensiaal. Eskom beskik oor 31 000 hektaar grond. Toe 4000 hektaar daarvan vir die doel van energie-opwekking vir ’n 30 jaar-termyn aan ontwikkelaars beskikbaar gestel is, is die aanvraag spoedig drie keer oorskrei. Die beleggersaptyt is enorm, met gunstige kapitaal wat daarvoor uit die buiteland beskikbaar gestel is.”

Hier word dit uit ons gesprek duidelik: Vir die uitwis van korrupsie en misdaad-sindikate by die aanlegte, sowel as vir die ideaal van skoon, hernubare energie, was daar vir hom geen politieke ondersteuning nie. Hy het nog die stryd gestry deur middel van oortuiging, oorreding, uitvoerbaarheidstudies. Suid-Afrika het by verre ’n groter potensiaal in son en wind as die meeste lande in die wêreld, maar die minister steek vas by steenkool.

Dit was juis die einste minister se beskuldiging dat Eskom die beurtkragding doen om die ANC in ’n swak lig te plaas wat hom finaal laat besef het dis tyd om te gaan. In wese ’n klag van hoogverraad, en die minister is nie gerepudieer nie. Die botsing van beginsels het sy voortgesette diens by Eskom eenvoudig onmoontlik gemaak.

## Calvinisme met ’n “e” gespel

Dit bring my terug by die Calvinistiese wortels wat André de Ruyter uit die Eskomspeelveld gedwing het. Hy self vat sy filosofie by Eskom saam met die vyf “E”s (“Ek hou nogal van alliterasie”, sê hy). Ek gee maar almal in Engels.

*ENERGY:* Dis die besigheid van Eskom. Die opwekking, transmissie en distribusie van dit wat die Here gegee het: energie.

*ECONOMY:* Enige besigheid moet ekonomies bedryf word en die landsekonomie bevoordeel. Binnekort is soveel as 56% van Suid-Afrika se uitvoere gebuk onder ’n swaar las van CO2-belasting. Kragvoorsiening moet vir die publiek ekonomies bekostigbaar wees. Ekonomie loop hand aan hand met volhoubaarheid. Daarom:



Heel gesellig

*ENVIRONMENT (Endurability):* Dit bring hom by die een “E” wat hom geweldig na aan die hart lê: die omgewing. Die aarde is moeg. Vlieg oor die hoëveld van Mpumalanga en jy sien die verwoesting. Daar sterf jaarliks in Suid-Afrika 29 000 mense aan lugbesoedeling. Eskom se kragstasies verbruik meer as 300 miljoen kubieke meter water per jaar en sorg vir 27 miljoen ton as. Ons CO2-emissie is dubbeld die wêreldgemiddeld, en ons is een van die top 12 besoedelaars. Dit spreek nie van rentmeesterskap nie. Ons mag eenvoudig nie ons toenemende kragbehoeftes deur steenkoolverbranding bevredig nie. Dit sou immoreel en onvolhoubaar wees.

Die mens is nie gemaak om bloot ’n verbruiker, en uiteindelik ’n “opgebruiker” te wees nie. “Ons het in die verlede te min gekyk na die toekoms, nou is ons in daardie benarde toekoms.” Hierdie feit is vir seker geldig ten opsigte van boerdery, energie, grond en water, “dat die erwe van ons vaders vir ons kinders erwe bly”. “En onthou: son en wind raak nie op nie.”

*EQUITABILITY:* “Nee, dis nie die Kommunis se beloftes van gelykheid nie. Kommunisme is in sy wese ’n immorele stelsel van uitbuiting van die massa.” Met die beginsel van gelykheid bedoel hy: balans, gelyke geleenthede, ooreenstemming tussen prestasie en vergoeding. En ja: die astronomiese bedrae wat maatskappye se HUB’s kry, is immoreel. Waar is die dae toe ’n Sanlam of Volkskas se HUB gewoon langs die weg van meriete en prestasie en gepaardgaande verhogings bo uitgekom het. En die laaste “E”:

*EMPLOYMENT:* Ons moet werk skep. Hy verwys spontaan na die groot aantal Afrikaanse skole wat die begrip van “werk” iewers in hulle



Met die Parlement in die agtergrond. Onversoenbare beginsels

leuse het. Werk bring selfwaarde, selfgenoegsaamheid, is die beste teenvoeter teen misdaad. Eskom moet met erns omgaan met sy werksgeleenthede.

**Hoop vir Suid-Afrika?**

Kom ek stel dit bietjie sagter as hyself: Nie onder die huidige politieke bestel nie. André de Ruyter glo dat die staat sy rol totaal oorspeel. Burokrasie, selfverryking, teelaarde vir korrupsie, ideologiese vooroordele maak van die regering geen goeie besigheidsinstansie nie. Kriminaliteit is tans so diep gewortel dat die staat nouliks krimineel ontbondel kan word. Maar onverwags verwys hy na ons eie kerkwapen: "Daar staan mos: Die poorte van die duisternis sal dit nie oorweldig nie." En onwillekeurig glimlag ons saam oor die woord "duisternis". Juis nou in Fase 6!

Tog het hy hoop vir ons land. Daar is geweldig baie goeie trou tussen die deursnee Suid-Afrikaner uit alle groepe. *Die antwoord lê in 'n gesonde privaatsektor.* "Gesond" is 'n vereiste, want hy is 'n teenstander van ongebreidelde kapitalisme wat ook die vyf "E"s kan vertrap. En weer hoor ek woorde soos regverdigheid, volhoubaarheid, integriteit.

Daarmee saam 'n vereiste: die bemagtiging en selfdoen van gemeenskappe. Gemeenskappe – etniese, geografiese en kulturele belangegemeenskappe – sal hulle eenvoudig moet uitpresteer uit en 'n inspirasie word vir daar waar eiebelang en selfverryking hoogty vier.

Hier draai hy geen doekies om nie: Solidariteit is loshande die voorstel selfdoen-bemagtigingsliggaam wat hy in die wêreld teengekom het.

**Toekomsplanne en geloofsgetuienis**

Ja, die afgelope tyd was nie maklik nie. 'n Beskermingsbevel teen "manne van 'n party wat graag rooi berette dra", 'n afluistertoestel in sy motor, en toe inderdaad bewese sianied vergiftiging die dag ná sy bedanking ("ek was regtig siek") ... Dit sit nie in 'n man se klere nie. Hy beskou homself nie as so 'n onwrikbare gelowige soos sy pa nie, tog weet hy die Here beskik oor sy lewe.

Die publiek se ondersteuning het vir hom so baie beteken. Soveel mense wat vir hom sê: "Ons bid vir jou." Terwyl ek en hy op die stoep van 'n gholfklubhuis gesels het, kom twee Engelse dames juis ongevraagd na hom: "Thank you for what you have done. We pray for you." En 'n vreemde swartman groet hom uit die bloute met 'n kniebuiging.

Hy het geen groot planne vir die nabye toekoms nie. Hy gaan tyd saam met sy gesin deurbring; verlore tyd inhaal. Hy gaan veral met sy een seun kamp en rondry (die tweelingboetie is op Stellenbosch en die dogter oorsee). "En wat van eventueel die leiding neem van 'n landswye gemeenskapsgedrewe kragopwekkingsnetwerk?" Hy glimlag net en skud sy kop.

Die afgelope Kerstyd was vir hom weer 'n bevestiging: "God werk so anders as wat ons sou verwag. Hy stuur sy Seun na hierdie wêreld – gebore uit 'n jong meisie, in 'n krip. En Jesus gaan die selfverheffende kerk-elite verby en praat met 'n tollenaar, 'n vrou by 'n krip, boonop 'n Samaritaan, maak sy span vol met vissermanne, laat die kindertjies na Hom toe kom." En hy sien in Jesus van Nasaret die verpersoonliking van God se medelye, sy liefde vir ons, sondaarmense. Daarin wil hy Hom navolg.

**My indrukke?**

Ek vra hom so 'n laaste vraag: Hoe sal hy die woord "integriteit" definieer? Hy dink 'n kort rukkie: "Dis om die regte ding te doen." En ek dink so by myself: André de Ruyter ken nou wel nie so baie Psalms soos sy pa nie, maar hy het baie by hom geleer ... DK

* Ons gaan probeer om elke maand saam met *Die Kerkblad* te gesels met gelowiges wat 'n spesiale rol speel in God se koninkryk.

Dr. Wymie du Plessis (Potchefstroom)

# *Sinodeskatte – 10*



# SINODE 1888

Die "Tiende Algemeene Synodale Kerkvergadering" word van 9 tot 17 April 1888 te Middelburg (Kaapkolonie) gehou.

23 gemeentes word verteenwoordig deur 11 predikante, 48 ouderlinge en een diaken. Vier gemeentes kon nie afgevaardigdes stuur nie, weens "de groote onkosten, verren afstand, en ander omstandigheden geen kans zag" om afgevaardigdes te stuur.


Korrespondensie is van verskeie lidmate ontvang wat verklaring of inligting wil ontvang:

- 'n Brief van ouderling PJ Schutte wat verklaring van sekere Bybeltekste vra.
- 'n Brief van broeder AJ Oelofse wat inligting aanvra oor vertaling van die Bybel in Afrikaans.
- Br. JL du Plessis vra of dit volgens die Woord is om doopgeld te hef.
- Br. PJS Venter vra inligting oor die gee van tiendes.
- Br. JHS van der Walt vra inligting oor die sing van berymde Geloofsbelydenis.

Die Sinode het hierdie navrae terugverwys na die onderskeie kerkrade van die broeders.

Verskeie beskrywingpunte is ontvang, onder andere 'n beskrywingspunt van GK Philipstown: Moet daar by 'n huweliksbevestiging gekniel word? Na bespreking van hierdie beskrywingspunt word besluit dat "de Synode verwijst naar onze aangenomen liturgie, en laat bijzondere omstandigheden aan die discretie van Leeraar en Kerkeraad over".

Die beskrywingspunt van ds. MPA Coetsee (jr) het gehandel oor Kerkorde, artikel 12, waarin hy versoek dat 'n verklaring oor die bedoeling van "'n ander staat van lewe", veral van emerituspredikante en aanpak van boerdery, gegee word. Nog 'n beskrywingspunt het gegaan oor die gebruik van die Kerkseël op korrespondensie.



Ná die gebruiklike bedankings deur die voorsitter, sluit die predikant van GK Steynsburg die vergadering met gebed, en daarna sing die afgevaardigdes Psalm 72:11. DK

SORG MET EER

Ds Cassie Aucamp (Skakelbeampte)
cassie@vox.co.za | 082 377 1112

***Baie van u is reeds op 'n manier bekend met hierdie noodsaaklike ereprojek wat ons kerke saam onderneem het, maar omdat hierdie uitgawe van Die Kerkblad wyd versprei word, wil ons ook met hierdie projek in elke Gereformeerde huis land.***

**Ons nood**

Wat die versorging van ons emeriti en hulle afhanklikes betref, het die kerke in die GKSA in 1994 vir hulle dienende predikante oorgegaan na die Predikante Pensioenfonds vir diensjare ná 1994. Vir die diensjare voor 1994 het die 305 plaaslike kerke van die destydse Nasionale Sinode die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK) gestig, en hande gevat om hulle emeriti saam eervol te versorg. Daarvoor is die Emeritaatsversorgingstrust (EVT) gestig. Die EVT is befonds deur ramings en kollektes.

Weens dalende lidmaatgetalle, swakker beleggingsopbrengs en die langer lewensverwagting van ons emeriti het die EVT (die Trust) se posisie sodanig verswak dat sedert 2018 feitlik geen aanpassing in die versorging van ons emeriti gemaak kon word nie, en vir 2023 'n vermindering van 25% aanbeveel moes word. Dit sou veral ons ouer emeriti en weduwees wat in totaal uit die EVT versorg moes word, se finansiële posisie ondraaglik en oneervol verswak.

Die ontbrekende 25% kan onmoontlik verkry word deur ramings te verhoog. Tog sou die vermindering ons emeriti weerloos en ons kerke eerloos maak. Daarom het die kerke in die kombinasie (EVK) besluit op 'n buitengewone aksie, *Sorg Met Eer*, om die ontbrekende R11.5 miljoen per jaar wat vir die 25% benodig word, te kan kry. Dit sal vir so sewe jaar nodig wees, waarna dit skerp te behoort afneem.

Ons beplan om die *Sorg Met Eer*-projek op die GKSA se verjaardag op Sondag 12 Februarie 2023 in al ons kerke af te skop.

**Ons oproep: Kerke**

Ons eerste aksie was om 'n Psalm 151 in die Psalmboek by te voeg: *Ons sal kan doen met elf miljoen!* Nee, op 'n kritiek-ernstige noot: Ons moet net eenvoudig daardie R11 miljoen insamel deur 'n innoverende en gesamentlike aksie waarby al die gemeentes (nou so 250 plus) positief betrek gaan word. Ons kort ongeveer R300 ekstra per jaar per belydende lidmaat (R600 per egpaar), maar ons weet al die lidmate sal dit nie kan bybring nie. Daarom was ons eerste aksie om gewoon 'n brief aan ons kerke te skryf sodat die kerke wat kan, na vermoë 'n addisionele bydrae kan maak.

Hierdie briewe dien tans op ons kerkraadstafels en ons vra ons kerkrade om werklik groot erns daarmee te maak. Dit is ons onderneming en 'n saak van eer.

**Ook: Individue**

Hand aan hand met die bydrae deur ons kerkrade is die ekstra individuele bydrae wat lidmate kan maak. Die kerke het ook op 'n Kombinasievergadering besluit dat die *Sorg Met Eer*-projek lidmate individueel kan nader.

Ons doen dus hiermee 'n beroep op lidmate wat die vermoë het om 'n eenmalige bydrae tot die *Sorg Met Eer*-projek te maak, om die inligting hierlangsaan daarvoor te gebruik. Hierdie bydraes sal steeds onder u gemeente se naam aangeteken word.

Ons gaan nog innoverende projekte loods om hierdie ereplig van ons te kan nakom, maar ons wil begin met die oproep tot ons kerke en lidmate tot 'n goeie kapitale wegspring uit die blokke.

Kerke wat wil hê ek moet die gemeente besoek met 'n voorlegging, of die kerkraad of finanskommissie met toeligting, kan my skakel by 082 377 1112. DK

## SKENKINGSBELOFTE VIR "SORG MET EER"

Stuur die volgende besonderhede per e-pos aan wymiedup@gksa.co.za. U kan haar ook skakel of Whatsapp by 083 575 5786 of myself by 082 377 1112.

- U naam en kontakbesonderhede.
- U gemeente se naam (opsioneel) sodat dit as hulle bydrae gereken kan word.
- Die bedrag wat u eenmalig wil bydra/bygedra het met die datum.

**Inbetalingsbesonderhede:**

Bank: ABSA Rekeningnommer 670 288 412
Naam: Emeritaatsversorgingstrust
Verwysing: SME. Jou naam en gemeente.
Stuur bewys per e-pos aan wymiedup@gksa.co.za

# Gerrie Coetzee oorlede



Die ouer lesers van *Die Kerkblad* sal onthou van die opwinding wat daar geheers het toe Gerrie Coetzee, 'n tandtegnikus van Boksburg, na 'n lang en indrukwekkende rekord Suid-Afrika se eerste swaargewigbokskampioen van die wêreld geword het met sy oorwinning oor Michael Dokes in 1983. Gerrie is onlangs op 12 Januarie in die ouderdom van 67 oorlede.

'n Interessante brokkie oor Gerrie: Hy en sy pa en afrigter, oom Flip, was lidmate van die Geref. Kerk Boksburg. Wyle ds. Willie Venter was hulle predikant en het vir ons as studente vertel dat hy vir Gerrie en sy vrou Rina in 1977 in die huwelik bevestig het. Sy teks by die geleentheid was 1 Korintiërs 9:26: *"Ek hardloop soos een wat nie onseker is nie, ek slaan soos 'n bokser wat nie in die wind slaan nie."*

Gerrie word oorleef deur Rina en hulle twee kinders, Lana en Gerald, en kleinkinders. Gerrie het die staatspresidentsmedalje vir voortreflike diens ontvang.

## SINODE-BROKKIES



### Deputate Bybel (Dr. Braam Kruger)

Die Deputate Bybel handel met "gewone" sake rondom Bybelverspreiding:

- Die GKSA ondersteun die Bybelgenootskap vir die druk en verspreiding van Bybels in al die amptelike landstale (en meer). Ons is dankbaar dat hierdie werk kon voortgaan, ook tydens die Covid 19-pandemie. Die pandemie het wel 'n negatiewe impak gehad op die bydraes aan die Bybelgenootskap. Ons moedig gemeentes aan om so gou moontlik weer betrokke te raak by fondsinsamelingsprojekte ten bate van die Bybelgenootskap.
- Die skakelpersoon tussen die kerke, wat deel is van die GKSA en die Bybelgenootskap, is steeds br. Hennie Dekker, nou reeds vir 20 jaar.
- Die Sinode word gevra om verteenwoordigers vanuit die verskillende streke van die BSA aan te wys vir skakeling op streeksvlak.

Ds. Pieter van Wyk (Bronkhorstspruit)

# *De Maandbode* ...
# gewy aan die belange van die kerk



'n Jaartal kan gewoon net ouderdom aandui. So is dit met die datum 1 April 2023. Dit is dan die amptelike "verjaarsdag" van Die Kerkblad, wat 150 jaar oud is. Maar hierdie datum en getal spreek van baie meer, naamlik die genade van die Here.

**Prof. Jan Lion-Cachet**

**Die begin**

Die "geboortedag" van *Die Kerkblad* was 1 April 1873 toe *De Maandbode* as voorloper van *Die Kerkblad* die lig gesien het. Die "vader" was professor (toe dominee) Jan Lion Cachet. Hy was die eerste redakteur en eienaar, aangesien die Algemene Sinode nie finansiële verantwoordelikheid vir die blad wou neem nie. Vanaf 1 Oktober 1894 het De Maandbode se naam verander na *"Het Kerkblad"* aangesien die kerklike tydskrif twee maal per maand uitgegee is.

Met die stigting van *De Maandbode* het prof. Cachet die groei van die blad in die vooruitsig gesien. Dit sien ons duidelik in die wyse waarop hy in die eerste uitgawe die toekoms van *De Maandbode* sien. *Als het kindeke groeit begint het spoedig te spreken, en al zyn de eerste woorden zwak en onsamehangend, zy geven aan zyn vrienden en bekenden meer vreugde dan de heerlikste redevoering. Met een gelyke gevoel hoop ik, dat dit eerste nummer van ons Maandblad by vele onze lesers verwelkomd moge worden. Het is het eerste spreken onzer Kerk.*

**Sewe doelstellings**


Dit is baie belangrik dat ons die hoofdoel van *De Maandbode* sal raaksien soos uiteengesit in die onderskrif op die voorblad van elke uitgawe: *Tijdskrift gewijd aan de belangen der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*.

Die hoofdoel verfyn prof. Cachet in sewe punte:

1. Om deur middel van die blad elke maand 'n woord van stigting te bring aan die lesers wat nie so gereeld die prediking kan hoor nie.
2. Die kinders word ook nie vergeet nie en kort stukkies, vir hulle geskik, sal geplaas word om nie net tot leeslus nie, maar ook tot die "ware Godsdienstzin opgewekt worde".
3. Mededelinge van belangrike sake wat nie net die Gereformeerde gemeentes in Afrika raak nie, maar ook vanaf die Gereformeerde kerke in Nederland en Amerika, sal geplaas word om te vermeld wat gedoen word vir die uitbreiding van God se Koninkryk.
4. Die handelinge van verskillende kerklike vergaderings asook algemene kerknuus sal geplaas word.
5. 'n Ernstige saak wat gereeld aangespreek sal word, is dié van die onderwys.
6. In *De Maandbode* sal geleentheid gegee word om die belange van die kerk, die verdediging van die ware geloof en die bestryding van dwaalleer te bespreek.
7. Uitspreek van verskillende menings word aangemoedig, maar geen twisgesprekke of persoonlike aanvalle sal toegelaat word nie.

**Pionierswerk**

As mens hierdie doel in gedagte hou en deur die *Maandbodes* blaai, is dit duidelik dat *De Maandbode* die eenheid, groei en opbou van die kerk wou bevorder. Met die uitgee van die blad was kerklike- en landsomstandighede baie moeilik. Die gemeentes was ver uit mekaar geleë . Daarom was dit noodsaaklik dat daar 'n middel gevind moes word om die geloofsband met mekaar te behou. Die Gereformeerde Kerke, pas gestig in 1859, moes nog stewig gevestig word. Daarom was dit noodsaaklik dat daar 'n manier gevind moes word om hierdie behoefte te bevredig. Daaraan het De Maandbode en Die Kerkblad baie beslis voldoen.



De Maandbode,

Tijdschrift gewijd aan de belangen der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika,

ONDER HOOFDREDACTIE VAN

JAN LION CACHET,

*Predikant te Burgersdorp.*

Dit blad verschijnt den 1st van elken maand. Prijs per jaar zeven shillings en zes pence. Bijdragen, brieven, boeken ter aankondiging enz. franco in te zenden aan den hoofd redacteur.

Prijs der Advertentien: van 1—5 regels 2 shillings; elke regel meer zes pence. Alleen geboorte—huwelijks en dood advertentien; benevens boek aan kondigingen zullen opgenomen worden. Advertentien franco in te zenden aan den redacteur.

Aan onze Lezers!

Als het kindeke groeit begint het spoedig te spreken, en als zijn die eerste woorden zwak en onzamenhangend; zij geven aan zijne vrienden en bekenden meer vreugde dan de heerlijkste redevoering. Met een eenigzins gelijk gevoel hoop ik, dat dit eerste nummer van ons Maandblad bij vele onzer lezers verwelkomd moge worden. Het is het eerste spreken onzer Kerk. Het eerste blad aan de belangen dier Kerk in Zuid-Afrika gewijd, en dit alleen doet misschien meer dan een onzer leden de oogen dankbaar naar den Hemel slaan, en zeggen: "Tot hiertoe heeft de Heere ons geholpen."

De behoefte aan een tijdschrift aan de belangen onzer kerk gewijd is door velen gevoeld en toen wij op onze laatste Algemeene Vergadering in de Kaap Kolonie er met een enkel woord over spraken vonden wij zooveel aanmoediging, dat wij niet langer durfden aarzelen, om de uitgave van dit blad te beproeven. Wij wenschen dan ook dit maandblaadje te beginnen met dankbaar opzien tot den drie-eenigen God, die ons zoo ver geholpen heeft, en biddend vertrouwen, dat Hij ook dit werk moge zegenen tot versterking en [illegible]

krachteloos te laten, maar om ons, in plaats van eigen Gods kracht aan te bieden.

Twee zaken worden vooral er in geleerd: Ten 1st. Dat wij iets moeten doen. Ten 2d. Hoe wij dat moeten doen.

"Gij kunt niets doen," zegt de Heiland, en vele menschen wenschen dit woord op te vatten, als stond er: "Gij behoeft niets te doen." Die opvatting, hoe aangenaam voor het vleesch, is niet de bedoeling der Schrift. De ranken zijn niet in den Wijnstok geplant om alleen met bladeren versierd te worden. Zij moeten vrucht dragen; want daardoor wordt de Wijnstok verheerlijkt, en worden zij nuttig. Helaas, hoe waar deze woorden ook mogen zijn en hoe algemeen zij worden toegestemd, verre is het er van daan, dat zij ook zoo algemeen worden betracht! Duizenden dragen den naam van Christenen, wier Christendom alleen in spreken bestaat, en die duidelijk door hun gedrag toonen dat zij geen deel aan Christus hebben. "Leest men ook eene druif van doornen, of vijgen van distelen?" zegt de Schrift, en kan men dan iemand een Christen wezen, die door zijn gedrag niet toont dat hij in Jezus ingeplant is? Ongetwijfeld niet. Neen, wij moeten voor Jezus arbeiden en bovenal voortgaan op den weg der Heiligmaking.

**Eerste uitgawe van De Maandbode, 1 April 1873**

Die gemeentes wat in 1873 bestaan het, was ver en wyd versprei:

- In die Kaapkolonie/Kaap de Goede Hoop was daar: Burgersdorp, Colesberg, Philipstown, Aliwal-Noord, Dordrecht, Barkly-Oos, Steynsburg, Middelburg.
- In die "Zuid Afrikaansche Republiek" (Transvaal) was daar: Pretoria, Waterberg, Lydenburg, Rustenburg, Potchefstroom.
- In die Oranje Vrystaat het die volgende gemeentes bestaan: Parys, Boshof, Reddersburg, Bethulie, Fauresmith, Ladybrand, Zandrivier/Ventersburg (Venterstad).

Hierdie gemeentes het uit ongeveer 5000 belydende lidmate bestaan en is bedien deur agt predikante. Eintlik sewe, omdat ds. Dirk Postma met opleiding van predikante besig was.

**Redakteurs**

Daar was verskeie redakteurs van *De Maandbode* wat met ywer die blad gevestig het en getrou by die doel daarvan gehou het: prof. (ds.) J Lion Cachet vanaf 1873 tot 1876 en weer vanaf 1891 tot 1884. Prof. (ds.) D Postma vanaf 1876 tot 1890. Ds. MPA Coetsee jnr. het ná prof. Postma se afsterwe as tydelike redakteur waargeneem. Vanaf 1 November 1891 het De Maandbode onder redaksie van ds. Cachet en prof. S Postma verskyn.

**Inhoud en waarde**

Oor *De Maandbode* en die inhoud daarvan kan nog baie gesê word. Ons kan baie daarin lees van die Dorslandtrek, die stryd om vrye, onafhanklike gereformeerde skole en die stryd om die Afrikanervolk sendingbewus te maak.

Gemeet aan die inhoud daarvan was *De Maandbode* inderdaad die draer van die evangelieboodskap, 'n middel waarmee God se koninkryk en die gereformeerde waarheid uitgebrei, en die dwaling bestry is.

*De Maandbode* het 'n stewige fondasie gelê waarop *Het/Die Kerkblad* kon bou. Daar was deur die jare baie uitdagings vir ons kerklike tydskrif, maar dit is net deur God se genade dat ons in 2023 die 150ste bestaansjaar van *Die Kerkblad* kan vier.

Hierdie "kindjie" van ds. Cachet het tot volwassenheid gegroei. Mag ons nog lank vanuit *Die Kerkblad* die gereformeerde waarheid hoor en ervaar hoedat die belange en eenheid van die Gereformeerde Kerke bevorder word. DK

# Ons enigste predikant in die Kaapse vlakte nou aan die stuur van die SA Bybelgenootskap



**Ds. Rodney van Wyk**

*Rodney, baie geluk met jou aanwysing as tussentydse Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van SA. Ons is regtig trots op jou en dankbaar dat jy op hierdie wyse diensbaar kan wees in die koninkryk van ons Here in ons land. Maar kom ons begin by die begin. Waar is jy gebore en hoe was jou grootwordjare?*



Die NG Sendingkerk in Rietfontein, waar ds. Rodney grootgeword het

Ek is gebore en het grootgeword in die Kalahari op ’n plekkie genaamd Rietfontein waar my pa die skoolhoof was en my ma ’n onderwyseres. Ek het juis in Desember die kerk gaan besoek waar ek gedoop is , en wat nou as ’n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is.

*En die roeping om predikant te word?*

Ek het van kleins af die roeping gehad om predikant te word. My ma het altyd vertel hoe ek as kind gesê het dat ek eendag die werk van ds. Jasper (die predikant by die NG Sendingkerk) gaan doen. Deur my grootwordjare was hierdie roeping aan my bevestig. Tydens my geloofsbelydenis by die NG Sendingkerk in Upingon, het ds. John Smith vanuit meer as 90 jongmense my uitgesonder en my roeping as predikant bevestig. Toe ek my ouers in matriek inlig dat ek as predikant gaan studeer, het my pa vir die eerste keer aan my vertel dat hy tydens my moeilike geboorte ’n belofte aan die Here gemaak het dat ek vir die Here sal werk.

*En toe sommer ’n Dopperpredikant? Hoe het dit gebeur?*

Ek was in matriek in dieselfde  jaar as die skoleboikotte en baie studente het gedruip en ander het briewe ontvang dat hulle nie na naskoolse inrigtings kon gaan nie. Diegene wat wel gegaan het, is toegesluit met elke eksamengeleentheid. My pa se vriend, die oogkundige Van der Ham, het met oom Dick Steyn, predikant van Upington, in verbinding gekom en ek is op ’n vliegtuig geplaas en het in Hammanskraal beland.

*Jy sal DV volgende jaar 40 jaar lank predikant van Grassy Park op die Kaapse Vlakte wees. In die geskiedenis van die GKSA was slegs ds. HJR du Plessis langer in een gemeente (46 jaar in Bronkhorstspruit, toe nog Erasmus). Wat is die grootste uitdagings om hier ’n dominee te wees? Nogal die enigste Gereformeerde predikant in die hele Kaapse Vlakte.*

Dit verg ’n spesiale roeping om die Here te dien op die Kaapse Vlakte. Dit is die gemeenskap met die meeste kerke van enige gemeenskap



Die bekende Donkiebeeld voor die NG Sendingkerk in Upington waar ds. Rodney belydenis afgelê het.

in die land, van formeel tot informeel, van tradisioneel tot charismaties, maar met die meeste en gruwelikste sosiale probleme. 'n Groot deel van my bediening op die Vlakte was om van die Here te leer waar alles fout gegaan het, en die herbesinning van begrippe soos wedergeboorte en dissipelskap, wat nie bloot religieuse terme is nie.

Ons leer mense om Gereformeerdes, Anglikane, Roomse ensovoorts, te word, maar vergeet dat hierdie mense naby die hoofkantoor van Satan bly en nie op grond van hulle kennis sal oorleef nie, maar eerder op grond van wie hulle geword het. Die uitdaging is dan om religieuse terme wat almal gebruik die regte inhoud te gee, om te verseker dat mense met jou identifiseer as iemand wat weet waardeur hulle gaan, en dan die betekenis van 'n nuwe lewe weer en weer te herhaal sonder om godsdiensreëls te maak.

*Het die nuwe bedeling van 1994 wesenlik die lewe en omstandighede van die mense op die Kaapse Vlakte verbeter?*

Die kerk het 'n enorme rol gespeel in die totstandkoming van 'n nuwe bedeling, maar die kerk het, net soos die regering, die mense van die Kaapse Vlakte gefaal. Die kerk het mense se hoop op 'n nuwe regering geplaas en die regering, al wou hulle ook, sou nooit die probleme van die Vlakte kon aanspreek nie.

Ons sing tog al te lekker *"Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind, op die mens jou hoop nie bou nie …"* Die heil van die Vlakte lê by die kerk, maar die kerk kyk nog steeds na 'n onbeholpe regering om te doen wat hulle behoort te doen.

Behalwe geestelike begeleiding het die mense ook uitdagings om bemagtig te word en dit het my laat besluit om in 2014 'n opleidingsinstituut te begin wat ten volle geakkrediteer is. Die studie word gesubsidieer deur individue en organisasies wat in die lewe van die mense wil belê.

*Hoe het jou betrokkenheid by die Bybelgenootskap van SA begin?*

Ek het in 1985 die destydse Sinode Suidland (Bruin Nasionale Sinode) op die Streekraad in Kaapstad verteenwoordig. In 2007 is ek verkies as ondervoorsitter van die Streekraad en in 2009 het ek as voorsitter gedien tot 2017. Ek het tydens die periode die Kaapstadstreek op die jaarvergaderings verteenwoordig en het as uitvoerende komiteelid van die jaarvergadering gedien tot met die totstandkoming van die Bybelgenootskap as 'n maatskappy sonder winsbejag.

Ek was as een van die eerste direkteure van die nuwe Bybelgenootskap verkies. Toe my termyn van drie jaar verstryk, is ek verkies as die eerste gekleurde voorsitter van die Algemene Jaarvergadering en daarom ook voorsitter van die direksie. Ek het drie termyne as voorsitter gedien, wat my die langste dienende direkteur van die Bybelgenootskap maak. In 2021 word ek deel van 'n span wat 'n herstruktuering van die Bybelgenootskap moet doen. Na die proses afgehandel was het die uitvoerende hoof, ds. Dirk Gevers, die aanstelling as Direkteurgeneraal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe ontvang. Ek is toe in Augustus 22 weer as direksielid aangestel om die leemte te vul en is deur die direksie aangestel as Tussentydse Uitvoerende Hoof van die BSA.

*Wat is die grootste behoeftes en uitdagings vir die BSA?*

Die Bybel is die Woord van God en is die redding vir ons land. Dit is die visie van die Bybelgenootskap om 'n Bybel bekostigbaar in elke persoon se hand te plaas. Die Bybelgenootskap het hierin die kerk as vennoot en ook kliënt. Die Bybelgenootskap moet dus fyn luister na die behoefte van die kerk, en het terselfdertyd die verantwoordelikheid om hierdie visie bekostigbaar en volhoubaar te bestuur te midde van kompetisie. Van die grootste belang is dat die Woord vir alle mense, wat ook al hulle behoefte is, beskikbaar kan wees. Dit kan net gebeur as ons saam hande vat om die opdrag te laat verwesenlik.

*Wat was vir jou die hoogtepunte in jou tyd by die BSA?*

Net wanneer ek dink dat ek nou 'n hoogtepunt in my lewe by die Bybelgenootskap beleef, plaas die Here 'n ander uitdaging voor my wat my selfvertroue en vertroue in Hom nog verder uitbou. Dit was beslis 'n hoogtepunt toe die eenvoudige dominee van die Vlakte voorsitter




Ds. Rodney oorhandig die eerste uitgawe van die 2020-Bybel in Braille aan André Steyn.

van die jaarvergadering en direksie van die BSA geword het. Dit het nie net vir my nie, maar ook vir die mense van die Vlakte wat in neerdrukkende omstandighede woon, waar mense se menswaardigheid steeds elke dag gekneus word, iets beteken. Dan natuurlik om as Uitvoerende Hoof van die BSA te dien, kon ek uiteindelik my opleiding aan die Bestuurskool van Stellenbosch gebruik wat weer nuwe opgewondenheid bring. Dit is besonders om die waardering te beleef wanneer jy 'n Bybel oorhandig soos toe ek op 15 November 2022 die eerste 2020 Braille-vertaling aan André Steyn kon oorhandig.

*Wat is jou doelwitte en watse veranderinge beplan jy as Uitvoerende Hoof?*
Die hoofdoel van die herstrukturering was om te verseker dat die BSA volhoubaar bly. Ek moet dus verseker dat die personeel verenig rondom die doelwitte van die herstrukturering. Persoonlik hoop ek om die kerke te verenig rondom die belangrikheid van die Bybelgenootskap vir die kerk en die Suid-Afrikaanse samelewing. Daar mag nooit 'n situasie in ons land ontwikkel dat die Bybel in die hande van die openbare mark val nie en die Bybel ontoeganklik maak vir mense om 'n Bybel te kan besit. Digitale ontwikkeling vir toeganklikheid tot die Bybel is van kardinale belang om onmiddelik te alle tye in mense se hande beskikbaar te kan wees deur selfone en rekenaars.

*Wat is jou boodskap vir die lesers van Die Kerkblad en al ons ander lidmate?*
Vanuit my kinderdae kan ek my eerste Bybel onthou met sy pragtige prentjie-omslag wat my liefde vir my Bybel gekweek het. Moet nie die impak van 'n paar rand wat jy elke maand eenkant sit vir die voorsiening van Bybels gering ag nie. Dit impakteer iemand se lewe, nie net vir hierdie lewe nie, maar ook vir die ewigheid. Bid en gee vir die Bybelgenootskap. DK



# SINODE-BROKKIES

## Deputate Liturgiese Sake (Subgroep Afrikaanse Liedere) (Ds. Jannes van Dyk)

Die Deputate Liturgiese Sake wat vir die Afrikaanse Psalms, Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere verantwoordelik is, het die afgelope termyn baie aandag gegee aan die heruitgawe van Psalmboek 2003. Ons is dankbaar vir die advies van taal- en letterkundiges op die deputate. Die rubriekindelings is bygewerk en uitgebrei.
Skrifgetroue liedere uit die Liedboek van die Kerk, wat ook in ander bundels reeds beskikbaar is en wat gekeur is en deur die Algemene Sinode vir gebruik in die kerke aanbeveel is, word nie in die Psalmboek opgeneem nie. 'n Lys agterin die Psalmboek verwys gebruikers na die oorspronklike bundels waar hierdie liedere voorkom. Skrifgetroue liedere uit die geledere van die GKSA wat nie in enige ander bundels opgeneem word nie, word in die Psalmboek opgeneem (soos wat die geval was met Skrifberymings 20-1 (ou Sb. 49) en Sb. 20-2 (ou Sb. 50)).
Ons is baie opgewonde oor die aanbeveling van sr. Bertha Maritz van GK Bloemfontein-Suidheuwels se beryming van die dankgebed van koning Dawid uit 1 Kronieke 29:11-13.
Een van die deputate se opdragte wat weer aan te benoeme deputate opgedra word, is die uitbreiding van die GKSA se liedereskat ten opsigte van Hemelvaarts- en Pinksterliedere – hetsy Skrifberymings of Skrifgetroue liedere.

## Deputate evaluering van die Bybel: 'n Direkte vertaling (Dr. Braam Krüger)

- Na verskeie vergaderings, kommentaar wat ontvang is, en selfstudie, beveel die Deputate die nuwe 2020-vertalng met vrymoedigheid aan.
- Ons is dankbaar dat die Godsname onderskeidend vertaal is, soos lank reeds deur die GKSA versoek.
- Daar is 'n standaarduitgawe, een waar voornaamwoorde wat in Ou-Testamentiese gedeeltes deur die Nuwe Testament op Jesus toegepas word, hoofletters gebruik, en 'n vertaling spesifiek gerig op gebruik in die Rooms-Katolieke Kerk.


Dr. Jan Jooste (Akademia)

# Dankbaarheid en hoop

Is daar êrens mense wat deurgaans slegs die goeie in hulle lewens ervaar? Selfs deurlopende "goeie" ervarings bring dalk ook hulle eie probleme, soos verveeldheid of 'n oormatige groei van die middellyf? Waarskynlik kom elkeen eerder slaggate in die lewenspad teë, en die vraag is dan: Hoe nou?

Dankbaarheid en hoop is twee towerwoorde wat saam 'n beter lewenspad oopsluit. Sáám help DANKBAARHEID en HOOP om die skade van die slaggat te herstel en te groei na 'n beter lewenspad.

Wanneer ek dankbaar is vir dít wat met my gebeur, ontstaan daar 'n positiewe wisselwerking wat waarskynlik gaan meebring dat my hoop op 'n verbetering makliker tot die nuwe droomuitkoms lei:




Dankbaarheid en hoop help dat ek eienaarskap neem van my situasie. Wanneer ek dankbaar is vir die 80% genade wat ek ontvang, is dit maklik om te hoop dat die ander 20% ook kan verbeter. Dán is dit meer waarskynlik dat ek sal besluit om self te werk om die situasie verder te verbeter. Díe aksie lei dan tot 'n uitkoms, wat waarskynlik my dankbaarheid gaan verhoog. Hoe meer ek self ingryp om my situasie te verbeter, hoe meer sal ek eienaarskap neem van die situasie, wat die spiraal na hoër hoogtes sal lei.

Telkens in die wentelbaan sal elke stap positief inwerk op hoop om dit te vergroot, terwyl die hoop weer meehelp om elke stap beter te laat plaasvind. Wanneer ek beplan om die situasie te verbeter, vergroot my hoop – terwyl die teenwoordigheid van hoop help dat ek beter en makliker beplan. Namate mens oefen vir atletiek of gholf of studeer vir 'n eksamen of werk aan 'n projek, vergroot die hoop op 'n beter uitkoms. Nuwe verwikkelinge is dan net nuwe situasies om eienaarskap van te neem en te verwerk, na 'n nóg beter lewenspad.

**Die teenoorgestelde benadering**

Wanneer iemand egter nie dankbaar is vir die goeie aspekte van 'n situasie nie, kan die wiele maklik afval. Ondankbaarheid of gebrek aan dankbaarheid loop maklik saam met wanhoop en 'n gebrek aan hoop en lewer presies die spieëlbeeld van die dankbaarheid- en hoopspiraal.

Ondankbaarheid en ontevredenheid veroorsaak maklik dat iemand anders geblameer word vir die huidige situasie. Alles is díe of daardie se skuld! Natuurlik kan mens dan nie eienaarskap neem van die situasie nie, minstens nie ten goede nie. Wanneer 'n mens wel beplan om te ontsnap uit die situasie, kan dit maklik neerkom op straf of negatiewe gevolge vir die skuldige, eerder as op beplanning om die situasie te verbeter.

Negatiewe beplanning lei tot negatiewe aksie wat negatiewe uitkomste veroorsaak. Steeds word die situasie self nie verbeter nie, so die ondankbaarheid word nie opgelos nie. Alles vind plaas in die afwesigheid van hoop, wat dan eintlik wanhoop is. Die wisselwerking tussen wanhoop en elke stap dryf die spiraal verder na groter wanhoop. Wanhoop lei tragies tot depressie en moontlik selfmoord.

Ons sien wanhoop in ons gemeenskappe vergestalt as protesaksie. Dit is die wanhoop op 'n beter

toekoms wat maklik mense motiveer om hulle eie fasiliteite af te brand. Die ondankbaarheid- en wanhoopspiraal lyk so:




Nuwe verwikkelinge kan dan maklik die spiraal vinniger na onder versnel.

**God se beskikking**

Hierdie twee maniere van dink is beskryf sonder om na die Goddelike beskikking daarin te verwys, veral om aan te toon dat die dankbaarheid- en hoopspiraal op eie meriete alreeds 'n wenbenadering is. Mét God verkry dit superkrag. Christene hoop reeds op die ewige lewe, en 'n tussen-in hoop op 'n beter huidige situasie kan maklik daarmee versoen word. *"As hulp in benoudhede, is Hy in hoë mate beproef"* (Ps. 46:2). Onthou Paulus en Silas in die gevangenis: *"En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister"* (Hand. 16:25). Die Here was getrou en het met 'n aardbewing die deure oopgegooi en die boeie van hulle voete losgemaak.

Onthou ook Habakuk: *"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie — nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil"* (Hab. 3:17, 18). Bo alles geld God se belofte: *"Want sewe maal val die regverdige en staan weer op, maar die goddelose struikel in die ongeluk"* (Spr. 24:16). Hierdie gedeelte erken dat regverdiges gaan val. Christenskap vrywaar ons nie van ellende nie. Dit waarborg egter dat ons weer sal opstaan. DK

# SINODE-BROKKIES



### Sake vanuit rapport Ekumene Binnelandse Kerke (Dr. Jannie Erasmus)

Strewe na eenheid van kerke mag nie maar net iets mistiek bly nie, dis 'n Goddelike roeping en eis. In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om die vergestalting van konkrete eenheid nie, maar ook oor 'n profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig word. Vanweë die Covid-pandemie, asook woelinge in ander kerkverbande, kon die ekumeniese gesprekke nie in die afgelope termyn na wense vorder nie:

- *Afrikaanse Protestantse Kerk (APK)* – verskeie gesprekke, bespreking oor die omstrede Artikel 3, wat weer op hulle sinode sou dien, en 'n groeteboodskap wat van hulle ontvang is.
- *Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA)* – Positiewe gesprekke en 'n groeteboodskap by hulle sinode. Kontak kon ongelukkig nie met die *Calvynse Protestantse Kerk* gemaak word nie, ten spyte van herhaalde pogings.
- *Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA)* – Daar is noue samewerking op plaaslike vlak. Gesprek word steeds gevoer oor hoe ons as kerkverbande nog nouer met mekaar kan saamwerk.
- *NG en NH Kerke (aanvullend gerapporteer)* – Weens die Covid-pandemie was die skakeling minimaal en het die TKR ook nie vergader nie. Ons het hulle sinodes bygewoon en groeteboodskappe gebring. Die 400-jarige bestaan van die Dordtse Sinode is met 'n baie suksesvolle byeenkoms in die Paul Krugerkerk deur die kerke saam herdenk.
- *Die Kairos-netwerk*, 'n groep van 92 dolerende gemeentes binne die NG Kerk met ernstige kommer oor wat hulle as dwalings in die NG Kerk beskou, wil met ons gesprek voer, waarop ons positief geantwoord het. Omdat ons nie skeuring in die NG Kerk wil sanksioneer of bevorder nie, sal ons die NG Kerk ook in kennis stel van die gesprek.

### KOORSANG IN GEMEENTES

Geagte redakteur


Baie dankie vir die pragtige artikel oor koorsang deur Kobus Venter in *Die Kerkblad* van November 2022. In hierdie artikel wys die skrywer op die voordele van koorsang vir die sangers en vir die gehoor. Kore en koorsang word baie keer in die Bybel genoem as deel van gelowiges se aanbidding. Baie Psalms is opgedra "aan die koorleier." In die tempeldiens van die Ou Testament het koorsang en sangers 'n groot rol gespeel. Wanneer daar uitdrukking gegee is aan groot vreugde of groot smart, het kore daaroor gesing. Die Nuwe Testament begin met koorsang, wanneer die engelekoor die geboorte van Jesus aankondig en dit eindig met 'n beskrywing van hemelse kore wat God se lof besing.

Helaas is koorsang en solosangers nog nie welkom in 'n Gereformeerde erediens nie. Slegs die hele gemeente mag saamsing, verkieslik op melodieë wat 500 jaar oud is en en moeilik vir die gemiddelde Afrikaanse oor. As koorleier het ek die voorreg om ander kerke met koorsang te bedien: Kerssangdienste, Paasdienste, lofsangdienste en optredes tydens spesiale eredienste, maar in my eie kerk se erediens is 'n koor nie welkom nie.

Ek hoop van harte dat ons wyse kerkvaders spoedig die waarde van koorsang sal besef sodat Gereformeerde lidmate ook God op hierdie manier mag loof.

*– Dr. Paul Potgieter, koorleier: Albertonse Mannekoor, Albertonse Dameskoor*

*Baie dankie vir u brief. Die redaksielede het bietjie gesoek in die sinode-actas, maar kon nie op so 'n besluit afkom nie. So dalk het julle verniet kooronthouding toegepas! Ek weet 'n rede vir die gebruik om nie kore in die erediens te hê nie, so het ons in Liturgie 1 geleer, is omdat die erediens 'n tweegesprek is tussen God en die gemeente. En dan was die standpunt dat by koorsang net 'n gedeelte, nie die hele gemeente nie, by die antwoord betrokke is. Die vraag is: Is dit so? Of kan ek my deur koorsang net so inlewe asof ek self betrokke is? En dan is die tweede punt natuurlik dat ons altyd in die Gereformeerde Kerk maar versigtig was om nie van die erediens 'n "konsert" te maak nie. Kom ons hoor wat ons lesers daarvan sê. Ons vra nie lang redenasies nie, maar 'n klompie kort standpunte van hoe u dit dalk beleef het. Ons sien uit na hierdie gesprek. – Redakteur*



## SINODE-BROKKIES

### Deputate Jeugsorg (Ds. Brahm Robinson)

Die Deputate Jeugsorg is baie opgewonde oor wat vanaf die vorige Sinode vermag is. Ons spog met sewe verskillende volkleur-Bybelstudieboeke oor verskeie Bybelboeke, waarvan twee ook in Engels is. Hierdie boekies word gratis uitgegee en is ideaal vir kampe en Bybelstudiegroepe vir die jeug. Dit is ook beskikbaar om gratis af te laai by www.gkjeug.co.za. Op hierdie webwerf is daar ook gratis aflaaibare hulpmiddels vir die kerkjeug. *Kruispad* het 'n groot verandering ondergaan en is nou beskikbaar as 'n gratis, elektroniese tydskrif. Dit word per e-pos uitgestuur en mense kan inteken op die webwerf by www.kruispad.net. Dié maandelikse e-pos gaan tans uit aan net onder die 3 000 intekenaars. Die Deputate Jeugsorg kan ook met dankbaarheid vertel dat die eerste Engelse tydskrif van die Gereformeerde Kerk uitgegee word. *Cross Courier* is nie net vir die jeug nie, maar vir die hele gesin. Dit word in swart en wit gedruk en is gratis beskikbaar. Artikels kan ook op die webwerf gelees word. Besoek www.crosscourier.co.za om te lees en die tydskrif af te laai.

### Deputate Owerheid (Ds. Marcel Floor)

Die Deputate Owerheid het by verskeie geleenthede met die owerhede gekorrespondeer en getuienis gelewer oor verskillende belangrike sake, onder andere die kwessie van onteiening van grond sonder vergoeding, die belange van die kerke tydens Covid-regulasies, korrupsie op alle vlakke, werkskepping, ensovoorts. Die kerkverband is gereeld van hierdie korrespondensie op hoogte gehou. Die deputate het ook gereeld geskakel met burgerlike organisasies soos Solidariteit en TLU SA. Daar is veral getuienis gelewer en insette gegee oor sake soos plaasveiligheid, plaasmoorde, onteiening van grond en droogtehulp. Dit was 'n voorreg om in diens van die Here te kon staan in die belangrike getuienis teenoor en skakeling met die owerheid.

# Gereformeerde Kerk Parys

## 150 jaar oud

Saterdag 20 Augustus en Sondag 21 Augustus 2022 was vir die Gereformeerde kerk Parys van baie groot belang. Die gemeente het gedurende hierdie naweek hulle 150-jarige bestaan gevier. Dié kerk het in 1872, voor enige ander kerk in ons omgewing, ontstaan.

Reeds maande voor die geleentheid is al met opknappings aan die kerk, saal en terrein begin. Baie ure se beplanning, oorwegings en harde werk het hierdie feesgeleentheid voorafgegaan. Die "Kappie-kerk" het 'n gedaanteverwisseling ondergaan.

Saterdagoggend het vermaaklikheidskunstenaar GP van Rheede van Oudtshoorn en sy musiekgroep *It takes five* die geleentheid feestelik ingelei. Die vreugdevure was aan die brand om sosaties, hoender en wors vir middagete reg te kry.

'n Oudleraar van die gemeente, ds. Faan Smit, het herinneringe uit sy bedieningstyd in Parys (1997 tot 1999) met die gemeente gedeel. Emeritusprofessor Jorrie Jordaan, wat ook met die 125-jarige herdenking van die gemeente 'n boodskap gebring het, het weer 'n groeteboodskap namens die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika en die Teologiese Skool (Potchefstroom) gelewer.

Mev. Annetjie Myburg (weduwee van ds. Andries Myburg, wat die



**Die oudste lidmatevan die gemeente: Frik Pelser en Hannetjie Jacobs**



**Replika van huidige kerkgebou, hoofsaaklik uit vuurhoutjies gemaak**

gemeente van 1967 tot 1975 bedien het) het die onthulling van die gedenkbord in die kerksaal waargeneem. Die dag is afgesluit met 'n heerlike ete en die saam geniet van 'n melodrama-DVD – iets wat die gemeente 'n aantal jare gelede opgevoer het.

Die gemeente en besoekers het Sondag in diepe erns en dankbaarheid saam Nagmaal gevier. Ouderling Johan du Preez het namens die gemeente gepraat, waarna 'n olienhoutboom seremonieel geplant is. Die huidige leraar van die gemeente, dr. Rudolph van der Merwe, het die voorreg gehad om 'n granietgedenksteen te onthul.

Die geleentheidspreker was dr. Victor d'Assonville. Hy het ver-

duidelik hoe diep hierdie geleentheid as onderdeel in die groter kerkgeskiedenis ingebed is. Die geleentheid is afgesluit met ’n feesmaal.

Die viering van 150 jaar laat ’n mens met uiteenlopende gedagtes. Aan die een kant: Om deel te mag wees van ’n gemeente wat die Here al vir 150 jaar in hierdie omgewing dien, voel wonderlik, groot!

Aan die ander kant: 150 jaar is nie eers ’n druppeltjie in die emmer van soveel gelowiges se diens oor soveel eeue heen aan die Here nie … Dit laat ’n mens ineenkrimp in die besef van jou kleinheid voor die Here … die EWIGE HERE! DK




**Mev. Annetjie Myburgh onthul die gedenkbord. By haar is dr. Rudolph van der Merwe, leraar sedert 2011 (ds. Andries Myburgh het GK Parys van 1967 tot 1975 bedien)**



# SINODE-BROKKIES

## Deputate Publikasies – Kerklike Tydskrifte (Dr. Jan Cachet)

Besondere aandag is deur die Deputate geskenk aan die dalende intekenaargetalle by al die tydskrifte, ’n volhoudende inkomste om die tydskrifte te finansier en die invordering van uitstaande intekenaarsgeld. Dalende intekenaargetalle en verhoogde drukkoste bly ’n groot kommer vir die deputate. Die deputate versoek die Algemene Sinode 2023 om indringend te besin oor maatreëls en strategieë om die voortbestaan van al die kerklike tydskrifte te verseker.
Al die redakteurs en redaksies van die kerklike tydskrifte word bedank vir hulle harde werk. Prof. CFC Coetzee het uitgetree as redakteur van *Die Kerkblad* en ds. C Aucamp is as redakteur in sy plek benoem met ingang 1 Januarie 2023. Die deputate beveel aan dat prof. Coetzee bedank moet word vir sy onberispelike en getroue werk as redakteur van *Die Kerkblad* die afgelope agt jaar.
*Die Vroueblad* verskyn tweemaandeliks en is net in digitale formaat beskikbaar.
*Slingervel* word voortaan net elektronies versprei en die deputate versoek die Algemene Sinode 2023 om die publikasie van *Slingervel* in Junie 2023 te staak omdat dit finansieel nie meer in staat is om te oorleef nie.

## Toekomstige teologiese opleiding (Dr. Gerard Meijer)

Die Teologiese Skool Potchefstroom, waar teologiese studente vir die GKSA opgelei word, het ’n lang en kosbare verbintenis met die NWU (destydse PU vir CHO). In 2017 het die Raad van NWU besluit dat die ooreenkoms tussen die GKSA en die Universiteit in die lig van nuwe wetgewing grondig hersien moes word. Dit het meegebring dat ’n nuwe ooreenkoms met die NWU onderhandel is.
Hierdie ooreenkoms hou betekenisvolle gevolge vir die toekoms van ons teologiese opleiding in. Dit het onder andere meegebring dat die Kuratorium genoodsaak was om die Gereformeerde Teologiese Akademie (https://reformedtheologicalacademy.com) te stig.
Die nuwe ooreenkoms en die oprigting van die Gereformeerde Teologiese Akademie is van buitengewone belang vir die kerke. Algemene Sinode 2023 moet rigtinggewende besluite neem met die oog op die toekoms van ons teologiese opleiding.

Ons gaan voortaan nie meer die lang lys van verjaardae plaas nie, maar eerder kort stukkies nuus oor ons mense: predikante, emeriti, ook lidmate. Stuur gerus na kerkblad@gksa.co.za, verkieslik met 'n fototjie by. – Red.

**LIEF EN LEED**

**Doodsberigte**



Ds. Gert Hattingh, emerituspredikant van GK Randburg (Johannesburg-Sentraal), is op 3 Januarie 2023 oorlede. Ds. Hattingh het die volgende gemeentes bedien: Lusaka 1961–1964, Pretoria-Booysens 1964-1967, Pietersburg-Noord 1967–1974 en Johannesburg-Sentraal van 1974 tot hy in 2001 geëmeriteer het. Hy was ook as die Sinodale Deputaat van 1974 tot 2003 by die Bybelgenootskap betrokke.

**Beroepenuus**

BEROEPE ONTVANG

Prop. MJ (Johan) Willemse na GK Bothaville en na GK Vredenburg/Saldanha

Prop. WJ (Wimpie) Jansen van Vuuren na GK Middelburg, Oos-Kaap

Prop/ ID (ID) Nagel na GK Uitschot

Prop. F (Floris) van Staden na GK Stilbaai

BEROEPE AANVAAR

Prop. MJ (Johan) Willemse na GK Vredenburg/Saldanha

BEROEPE BEDANK

Prop. MJ (Johan) Willemse na GK Bothaville

**Klassis- en streeksinode oproepe**

GK Bloemhof roep die kerke in die ressort van Klassis Vryburg op om op Dinsdag 14 Maart 2023 te vergader by GK Bloemhof, hoek van Resident- en Hullstraat, Bloemhof. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

1. Die keerdatum vir alle agendastukke is Dinsdag 21 Februarie 2023.
2. Agendastukke moet per e-pos gestuur word aan klassisvryburg@gmail.com
3. Kredensiebriewe kan op die dag van die sitting ingedien word.

**Verandering in kontakbesonderhede**

GK George – Die e-posadres het verander na gkgeorge1966@gmail.com

GK Nylstroom – Skriba en attes-skriba: P van der Linde – e-posadres: 0713921113p@gmail.com; predikant: Ds. HL (Henk) Stavast – e-posadres: hstavast@vodamail.co.za

GK Pretoria-Meintjeskop – Attes-skriba: NG Sarkady – e-posadres: nandor.sarkady@yahoo.com

GK Bloemburg – Attes-skriba: E Roos; e-posadres: eduardeddieroos@gmail.com

GK Edenvale – Predikant: Dr. Deon Lartz – e-posadres het verander na dr.deonlartz@gksa.co.za

GK Vereeniging – Kantoor: Sel 066 080 6677



**Prof. Koos Vorster, emeritusprofessor van die TSP, wen die ATKV-SA Akademieprys 2022**

Die ATKV stel 'n jaarlikse prysgeld beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns behartig die keuring.Prof. JM (Koos) Vorster wen in 2022 een van die pryse vir geesteswetenskappe met sy artikel "Die impak van die gereformeerde teologie op die moderne staatkundige denke in Suid-Afrika" wat in *In die Skriflig* 54(2), 2020, verskyn het.

**Die Bemarkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,**
**Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.**
**E-pos: wymiedup@gksa.co.za**
**TARIEWE:**
**Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.**
**Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.**
**BTW is ingesluit.**
**Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

**VAKANSIE EN VERBLYF**

**NATALSE SUIDKUS**

**UVONGO:** LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansiewoonstel met 'n 180º volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Een heid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis insluitende wasmasjien, tuimeldroeër en skottelgoedwasser.
Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na luzelle@uvongoholidays.co.za en kyk gerus na my webblad by www.uvongoholidays.co.za

**DOONSIDE (SHANGRI LA):** (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe.
Skakel asseblief 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

**WESKAAP / TUINROETE**

**STELLENBOSCH:** KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

**GLENTANA:** Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R850 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

**MPUMALANGA**

**DULLSTROOM:** Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens.
Skakel Sarie 082 550 1126.

**VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN OORNAG:** Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer.
Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

**BLOEMFONTEIN:** Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1.
Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

**ALLERLEI**

**BINDWERK:** Flinke bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:
- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

**BOEKE deur prof. VE d'Assonville:**

*Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard afleweringsfooi van R100 word gehef vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.*

*Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060. Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).*

*E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za*

**Dit is Totius** (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

**SJ du Toit van die Paarl** (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

**Bloedrivier** (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

**Die Groot Diamantroof** (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

**Die Van der Merwes van Middendeel** (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

**Generaal de Wet in die Vredefortkoepel** (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

**Kruger en Rhodes** (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

**Majuba** (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

**Op die Bodem van die Vaaldam** (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevange- en konsentrasiekampe en die Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

**"O Vaalrivier… Broederstroom!"** (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

**Totius se Oorlogsdagboek** (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

**Calvyn verdedig sy stad** (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

**Die boek Openbaring** (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

**The Book of Revelation** (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

**Die koms van Christus en die Antichris** (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

**Die Psalms sing van Christus** ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

**Gereformeerde Doopsformulier** (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

**Bakens vir die Kerkgeskiedenis** (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

**Kerk op die Wit Hooglande** ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

**Eugène Marais en die Waterberge** (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100


EUREKA
Apteek • Kliniek

JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT


Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

***Ons ondersteun graag Die Kerkblad***


# BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO





**R220.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**R90.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**R100.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**R40.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Die volgende gesprek met die redakteur op PretoriaFM vind plaas op **SONDAG 12 FEBRUARIE 2023**. U kan na PretoriaFM luister op 104.2 / 106.6 MHZ; of TV-oudiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan**
**Die Kerkblad: Posbus 20008, Noordbrug 2522;**
**faks 018 293 1042**
**E-posadres: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)**
**anberg@absamail.co.za (redakteur)**


V&R Drukkery (Edms) Bpk
Skakel Ludick Venter of Elzabé Vosloo vir enige navrae
Elandstraat 12, Koedoespoort
E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za
Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643
V&R drukkery (edms) bpk printing works (pty) ltd Since 1946
• kaartjies
• nuusbriewe
• brosjures
• tydskrifte
• kalenders
• sagte- en hardebandboeke
• digitale drukwerk
• grafiese ontwerp
Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!
Sedert 1946 in die Drukkersbedryf


Frekwensie 104.2
DStv-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za
Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans
WÊRELDWYD
Frekwensie 104.2
Sondag luistergenot - 06H00 tot 24H00 | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus